

Maandag 28 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:17-21

Fokusgedeelte: Galasiërs 2:20; HK Sondag 28, Antwoord 76

Die nagmaal en ons daaglikse lewe

In die vorige dagstukkies is aangedui dat as die nagmaal reg gevier word, ons daardeur op 'n unieke wyse 'n besondere eenheid en gemeenskap met Christus en al sy weldade beleef. Ons is egter vanweë ons sondige natuur geneig om dit gou weer te vergeet en voort te lewe asof niks besonders gebeur het nie.

Tog mag dit nie so wees nie. Inteendeel, die nagmaal moet 'n blywende invloed op ons lewens hê. Ons geloof word immers daardeur versterk, omdat die nagmaal ons steeds vaster aan Christus bind. Daarop wys die Kategismus as dit sê dat die nagmaal ook beteken om al hoe meer met die geseënde liggaam van Christus verenig te word. Hoe meer ons met Christus verenig word, hoe sterker is ons geloof, hoe meer vertrou ons op Hom en hoe meer sal ons lewe uit die krag wat Hy ons gee.

As ons werklik deur die nagmaal met Christus gemeenskap gehad het en aan Hom gebind is, sal ons opnuut saam met Paulus kan sê: “Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe” (Gal. 2:20). Dit beteken dat ons lewe, ons gewone alledaagse lewe in die huis, kantoor, fabriek of waar ook al sodanig deur die nagmaal beïnvloed word dat ons altyd sal lewe *met die oog op Christus en volgens die wil van Christus*. Ons moet so ontroer word deur Christus se groot liefde vir ons dat dié liefde ons hele lewe sal beheers. Dan sal ons by elke nagmaal 'n hele ent verder wees op die pad van daaglikse bekering as by die vorige nagmaal.

Dit is ook wat die Kategismus bedoel as dit oor die vrug van die nagmaal sê “dat ons deur die een Gees – soos die ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word”. Die Heilige Gees regeer ons deur die Woord, want die Woord is deur die Heilige Gees geïnspireer (2 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:21). Daarin word die wil van God aan ons geopenbaar. Hierdie wil van God moet ons ken en dit ook gehoorsaam. Dit kan van ons selfverloëning vra waardeur ons ons eie wil opsy moet skuif om aan die wil van die Here alleen gehoorsaam te wees.

Hoewel dit vir ons soms moeilik mag voel om dit te doen, moet ons dit tog gewillig en met vreugde doen. As ons dit nie doen nie, bedroef ons die Heilige Gees wat ons in liefde wil regeer (Ef. 4:30; Hand. 7:51). Dan verloën ons ook vir Christus (Matt. 16:24, 25) wie se liefde vir ons by die nagmaal so duidelik aan ons voorgehou is.

Daarteenoor leer die Skrif: “Wie beweer dat hy in Hom (Christus) bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het” (1 Joh. 2:6).